

STEEN VIR STEEN

Volg Cashbuild se maklike stappe om 'n baksteenmuur vir jou blombeddings te bou

Gebruik die aanwysings en bou 'n lae baksteenmuurtjie wat jou blombeddings netjies sal hou. Lê 'n enkele ry bakstene of verskeie rye vir 'n muur van hoogstens 500 mm hoog. Ont-hou net: Die muur sal mooi lyk en die grond in jou beddings hou, maar is nie sterk genoeg om as keermuur te dien nie. Hier is Cashbuild, die verbruiker se kampvegter, se wenke om jou aan die gang te kry.

JY BENODIG

'n Troffel, graaf, tou, houtpaaltjies, hamer, waterpas, maatband, borsel, hark/voegtroffel (opsioneel), standaardgroottebakstene, sement en sand (gemeng in 'n 1:6-verhouding), sementmenger, plank.

STAP 1 Merk die posisie van die nuwe blombeddingmuurtjie deur die houtpaaltjies met 'n hamer in die grond te kap. Draai die tou om die paaltjies en gebruik dit as gids vir die posisie van die eerste ry bakstene – gebruik die waterpas om te verseker dis horisontaal.

STAP 2 Grawe 'n slootjie van 150 mm diep en minstens 250 mm wyd vir 'n 500-600 mm hoë muur (**Skets A**). Maak seker die fondasie is gelyk – as dit nodig is om dieper te grave aan die een kant, maak so! 'n Ongelyke fondasie sal tot 'n skewe muur lei.

STAP 3 Maal die sloot se wydte met sy lengte en dan met sy diepte (als gemeet in millimeter) om die volume beton wat jy vir die fondasie benodig te bereken.



FOTO: TERILLUSTRASIE, GALLO IMAGES/GETTY IMAGES

Gebruik 1 deel sement vir 6 dele sand en meng dit volgens die aanwysings op die verpakking. Dit moet die digtheid en tekstuur van sagte botter hê. Maak die sloot wat jy in Stap 2 gegrave het daarmee vol. Gebruik die plank om die oppervlak glad te maak. Laat die beton vir vyf dae staan om behoorlik droog te word.

WENK Die betonmengsel sal waarskynlik binne 'n uur hard raak – gebruik dit dus dadelik nadat jy dit gemeng het.

STAP 4 Lê die eerste ry bakstene sonder enige sement vir 'n aanduiding van hoe jou muur gaan lyk, asook die presiese uitleg van die bakstene.

STAP 5 Meng die dagha volgens die aanwysings op die verpakking. Verwyder die ry bakstene wat jy in Stap 4 geplaas

het. Gebruik 'n troffel om die dagha aan die onderkant en een kopkant van die eerste baksteen te smeer (**Skets B**), sit dit op sy plek en herhaal met die volgende baksteen (**Skets C**). Laat die oortollige dagha uitpeul en skraap dit af. **WENK** Sit net 'n bietjie dagha in 'n houer en maak dit vol namate jy vorder.

STAP 6 Skuif die gidstou op die paaltjies om die hoogte van die tweede ry bakstene te merk. Gebruik weer die waterpas om seker te maak als is gelyk. Plaas die tweede ry bakstene so dat die nate tussen die kopkant van die bakstene nie bo-oor mekaar lê nie. Sodra jy aan die einde van elke tweede ry kom, draai die laaste baksteen dwars sodat die vier muurtjies van jou blombedding met voë in mekaar pas. Herhaal die proses tot jou

muurtjie die gewenste hoogte is. Skraap deurentyd die oortollige dagha af voor dit hard word.

STAP 7 Gebruik die hark of voegtroffel om die dagha tussen die bakstene netjies te maak. Gebruik 'n borsel om van enige oortollige dagha en stof ontslae te raak.

Bel Cashbuild by 0860-100-582 of besoek jou naaste Cashbuild-winkel om hul wye verskeidenheid bakstene te sien. Die vriendelike Cashbuild-konsultante is sewe dae per week beskikbaar met hulp en raad oor die beste produkte vir jou.

Cashbuild
 GEHALTE BOUMATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYSE
 193 winkels en ons groei steeds dwarsoor suidelike Afrika

